
SA BRAFORD

# BRAFORD

SUID-AFRIKA | SOUTH AFRICA



MARCH | 2024 | MAART




## INHOUD


- Uit die Kantoor
- Vanaf die Raad - Jan Meaker
- Waarhede & Halwe Waarhede - Dr Johan Meaker
- Ken Mekaar - Headlock Brafords
- Braford Calendar 2024
- Steps to becoming a registered Braford breeder


# Uit die Kantoor



Beste Braford Teler,

Die nuutste heffingslyste sal binnekort uitgestuur word. Lede het dus genoeg tyd om kalwers wat met speen uitgehaal word, te kanselleer. Kansellasies moet asseblief die kantoor teen 20 Mei 2023 bereik.

Onthou asseblief om tydens speen, die kalf sowel as die moeder te weeg en al die inligting te stuur vir opname.

Ek sien uit om almal by die Algemene Jaarvergadering wat op 7 Junie 2024 te Afridome, Parys plaasvind te sien.

Dit is baie belangrik dat inskrywings vir die 10de Nasionale veiling voor die 26ste April 2024 die kantoor bereik. Dit beloof om 'n spog geleentheid te wees wat u nie wil misloop nie. Verblyf is by die Afridome in Parys beskikbaar. Bespreek asseblief vroegtydig.

Braford-groete,

*Marguerite Fouché*

072 594 4500
info@braford.co.za

Volg ons op Facebook & Instagram

## BRAFORD COUNCIL 2024



**Jan Meaker**
President
Day Executive
Management
Finances & Budget



**Johan de Jager**
Breed Improvement
Phase C & D Tests
Data Completeness



**Jan van Niekerk**
Marketing
Social Media
Sponsors



**Ralf Rodewald**
Inspections
Herd Visits
Auctions



**Vickus Tromp**
Shows
Breed Promotion



**Wessel Wessels**
Head Inspector

# VANAF DIE RAAD

JAN MEAKER, PRESIDENT | MEAKER BRAFORDS



Ons deel graag die volgende opwindende nuus met julle:

Ons het onlangs 'n suksesvolle opleidingsdag saam met die Simbra Genootskap gehad, aangebied deur Kobus Bester. Ons dank Kobus vir die uitnodiging en uitstekende aanbieding. Die doel van die kursus was om ons ras standaard tydens keuring te verhoog en ook ‘n potensiële keurder te ontmoet om ons genootskap te ondersteun met keurings. Ons bied dan ook ons eie opleidingskursus aan vir senior keurders en lede om die standaard van keurings te verbeter en die kwaliteit op veilings te verseker. Ons wil graag Hans Bester by ons opleidingsdag bekend stel as onafhanklike keurder vir die Braford Genootskap. Hans is 'n Senior alleras keurder bekend vir sy kundigheid en doen baie beoordeling op skoue.

Verder nooi ons alle lede en kommersiële kopers uit na ons 10de Nasionale Braford veiling wat 'n spog geleentheid beloof te wees. Uitnodigings met alle nodige inligting sal binnekort uitgestuur word. Die naweek begin op Vrydag, 7 Junie met die beoordeling van ons diere deur PJ Budler. PJ het ingestem om spesiaal vanuit Amerika na ons toe kom vir die geleentheid. Op Vrydagaand bied ons ons jaarlikse funksie aan waar vriendskappe gesmee en nuwe vennootskappe gevorm sal word. Die veiling vind dan plaas op Saterdag, 8 Junie om 11:00.

Hou ons nuusbrief dop vir verdere inligting en besonderhede oor hierdie opwindende geleenthede.

*Jan Meaker*





# "SAVE THE DATES"

## NASIONALE VEILINGS 2024

VLEISSENTRAAL

Vleissentraal bied vanjaar met trots die volgende NASIONALE VEILINGS aan:

| DATUM | RAS | PLEK |
|---|---|---|
| 9 Februarie | BORAN VERS- EXTRAVAGANZA | Afridome, Parys |
| 2 Maart | DORPER | Fire & Wine, Zwavelpoort, Pretoria |
| 9 Maart | INHEEMSE VELDBOKKE | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 13 Maart | BONSMARA | Afridome, Parys |
| 30 April | SIMMENTALER VERSVEILING | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 2 Mei | SIMMENTALER BULVEILING | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 2 Mei | TULI | Lettie Fouche Skool, Bloemfontein |
| 8 Junie | BRAFORD | Afridome, Parys |
| 20 Junie | DRAKENSBERGER | Afridome, Parys |
| 4 Julie | BEEFMASTER | Afridome, Parys |
| 13 Julie | BORAN | Afridome, Parys |
| 18 Julie | BRAUNVIEH | Afridome, Parys |
| 7 Augustus | BRANGUS | Afridome, Parys |
| 15 Augustus | SUSSEX | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 15 Augustus | MEATMASTER | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 16 Augustus | AFRIKANER | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 24 Augustus | SENEPOL | Circle C, Excelsior |
| 29 Augustus | SIMBRA | Afridome, Parys |
| 13 September | NGUNI | Aldam Vakansieoord, Winburg-area |
| 20 September | BEEF SHORTHORN | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 21 September | MINIATUURPERD | Fire & Wine, Zwavelpoort, Pretoria |
| 18 Oktober | BOERBOK | Bloemskougronde, Bloemfontein |


LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM   LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY

Tel: 012 460 9916 • hoofkantoor@vleissentraal.co.za

DR JOHAN MEAKER

# WAARHEDE & HALWE WAARHEDE

In die lig van die naderende speenseisoen gaan ek hierdie artikel gebruik om klem te lê op die volgende.




Na my mening word wêreldwyd nie voldoende aandag aan die koei of vroulike dier geskenk nie. Laat ek verduidelik. Tydskrifte is altyd vol fotos (en pryse) van bulle, ens terwyl min fotos van uitstaande of superkoeie geplaas word. Verder word dit wêreldwyd aanvaar dat, binne die normale groeikurwe, daar 'n hoë korrelasie bestaan tussen geboortegewig, groei en eindmassa by beide manlike en vroulike diere. Die nadele dus, om altyd die grootste bul wat die vinnigste groei te selekteer, is voor die hand liggend. Gevolglik het die SA Braford Beestelersgenoodskap reeds jare gelede besluit om op mediumraam diere te fokus.

**Hoe lyk hierdie superkoei?**

Ongeveer 20% tot 30% van koeie in 'n kudde volg nie die normale groeikurwe nie en bereik dus nie die hoër eindmassa nie. Hulle staan as kurweknakkers bekend. Hierdie koeie is hoogs vrugbare mediumraamkoeie wat elke jaar kalf. Dié koeie weeg by speen gemiddeld 460kg tot 500kg en hulle beskik oor uitstaande melkeienskappe, wat beteken dat hulle 'n kalf van 50% plus van haar eie gewig, speen. Hierdie nageslag groei uitsonderlik en lewer karkasse wat aan die markvereistes voldoen. Die sleutel tot sukses lê daarin dat telers hierdie 20% tot 30% koeie moet identifiseer, aangesien hulle die geen dra vir verhoogde doeltreffendheid. Goeie rekordhouding en seleksie is uiters belangrik en dit sal die teler met 'n superkoeikudde beloon. Sommige telers het hierdie tegniek reeds jare gelede met groot sukses begin toepas en die geen in hul ras/kudde vasgelê. Natuurlik gaan volwasse koeimassa van streek tot streek verskil. Die sleutel tot sukses lê daarin dat die koeie elke jaar moet kalf. Koeie wat nie elke jaar kalf nie is nie by hul omgewing aangepas nie en moet geprul word.

Dit is moontlik om jou kudde binne 'n relatiewe kort tydperk te verander. Indien jy egter nie 'n plafon op die grootte van jou koeie plaas nie en vir die verkeerde eienskappe selekteer – dit wil sê altyd die grootste en vetste bulle (fenotipe) of dié met die hoogste teelwaardes vir groei koop, veral 600 dae, gaan jy heel waarskynlik nie sukses behaal nie en gaan jou koeie nie elke jaar kalf nie en gaan hulle net groter word.

**Oorgangslekke**

Ofskoon die veld gedurende die herfs op die oog af groen voorkom is daar reeds 'n merkbare afname in die protein inhoud te bespeur. Sonder om in baie detail te gaan word aanbeveel dat boere 1 sak somerlek meng met 1 sak winter lek. Hierdie mengsel dien as 'n oorgangslek wat steeds voldoende P (fosfor) en addisionele proteien aan die lakterende koei voorsien. Omdat reën nog kan voorkom is dit belangrik om kleiner hoeveelhede lek op 'n meer gereelde basis uit te sit.

Rig enige navrae aan Marguerite wat dit op haar beurt aan my sal stuur - info@braford.co.za



Foto - Athalia Brafords

# *Ken mekaar - Braford Lede*

# HEADLOCK BRAFORDS

Headlock Braford bestaan uit myself, Louwtjie Louw en Ronnie Visser. Ons ken mekaar van skool dae af op Grey College en beide ons oupas het in die 1956's met Herefords begin boer.

Die Braford beeste loop in die suid-wes Vrystaat by Koffiefontein. Ons het ook n Simbra stoet.

Ek het in 2013 begin deur Bos Blanco Brahman bulle op Hereford koeie te gebruik en uistekende resultate daarmee gehad (Tigerstripes) waarna ons besluit het om die Brafords op te teel tot waar ons vandag is. Dit is 'n lang proses, maar gaan baie waarde toevoeg tot die Braford genepoel in Suid-Afrika.


Die Genootskap was ons nog altyd baie behulpsaam en dit is regtig lekker om deel die wees van die Braford gemeenskap.

Ons het al verskeie genetika van top bulle van Australie ingevoer en ook 'n bul van daar in 'n vennootskap gekoop nl. Carinya Woodrow wat "Champion of Australasia/Africa" was.

Die Braford doen goed by ons in die semi karoo en ons is opgewonde oor die genetika wat ons stoet in die komende jare gaan produseer.

Lekker boer.

Ronnie en Louw




Carinya Woodrow






Nikita, Lea, Louwtjie en Lienke Louw
Leandi, Ronald, Ronnie en Amelie Visser.



# Calendar 2024

**FERTILE ▪ ADAPTABLE ▪ EFFICIENT**

**Highveld Cattle Breeders Auction**
28 May 2024
Ermelo

**10th SA Braford National Auction**
8 June 2024 at 11:00
Afridome, Parys

**Bonheur Brafords Auction**
26 June 2024 at 11:00
Bethal

**Thiele Holdings Auction**
3 July 2024 at 11:00
Paulpietersburg

**Meaker Brafords Auction**
17 July 2024 at 12:00
Vrede / Warden

**OTVL Bull Auction**
24 July 2024 at 11:00
(Date to be confirmed)
Ermelo

**OVS Veld Bull Club Auction**
22 August 2024
Vrede

**Brafords@Besters**
28 August 2024
Besters Auction Ring

**Beefpower Braford Auction**
12 September 2024
Aliwal North

SA BRAFORD

## www.braford.co.za

Jan Meaker +27 79 883 9760 | Marguerite Fouché +27 72 594 4500
E: info@braford.co.za | Find us on Facebook & Instagram

# STEPS TO BECOMING A REGISTERED BRAFORD BREEDER

**Follow these steps to become a registered South African Braford breeder.**

**START HERE**
**Contact the office for an English or Afrikaans application form - info@braford.co.za**

**Receive application form containing applicable information and fees.**

**Complete the application form <u>in full</u> - Form 1, 2, 3 and 4.**

**NB - all dates and a drawing of your road map need to be completed.**

**Double check your joining date - this date determines part of your membership fee as well as the date which calves can be registered from.**

**Return application form to the office at info@braford.co.za with proof of membership fee payment.**

**Your application will be sent to the registrar.**

**Once the application has been processed, you will be notified of your registered details and receive a VAT invoice.**

**Congratulations! You are now a registered member of the Braford Society!**

**Contact us:**
**+27 72 594 4500**
**info@braford.co.za**

## ADVANTAGES OF MEMBERSHIP

- Add value to your animals
- An income potential apart from only weaners
- New marketing opportunities
- New income possibilities
- Join a network of dynamic beef producers
- Trade ideas, meet other farmers with mutual objectives
- Outstanding professional client services
- 24 hour access to your animal and herd reports
- Annual Technical Advisor visits
- Assistance in animal selection, genetic analysis and general advice
- A sophisticated system for performance testing
- Registration certificates for animals
- A well trained and competent team at the Society's office

SA BRAFORD